# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
## *SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN*

**OCTOBER / NOVEMBER**
***OKTOBER / NOVEMBER***

**2004**

## AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL

**(Eerste Vraestel)**

LG **101-3/1 LS**

**14 bladsye**

AFRIKAANS EERSTE/PRIMERE TAAL LG: Vraestel 1

101 3 1 LG

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL LG**
**(Eerste Vraestel)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 75**

---

**INLIGTING VIR JOU AANDAG:**

- Al die afdelings is verpligtend.
- Nommer die vrae soos op die vraestel aangetoon.
- Lees die instruksies by elke vraag deeglik.
- Benut die volle tydsduur van die vraestel.
- Werk netjies en baken die afdelings en vrae behoorlik af.

---

## AFDELING A

### LEESBEGRIP

**INSTRUKSIES:**

- Lees elke keer die volgende tekste deur en beantwoord die vrae daaroor gestel.
- Maak gebruik van die verskillende leestegnieke en / of woordherkennings-vaardighede waarin jy onderrig is.
- Nommer die antwoorde duidelik.
- Nommer antwoorde in die middel van die bladsy en laat 'n reël tussen elke antwoord oop.

### VRAAG 1

Lees die volgende leestekste aandagtig deur en beantwoord die vrae daaroor gestel.

## LEESTEKS A

Lees die volgende advertensies aandagtig deur en beantwoord die vrae daaroor gestel.

**1**

**Edelweiss**
**L·A·N·D·G·O·E·D**
**20 Junie**
3 Tenore
**27 Junie**
Piet Botha en sy "band"
**4 Julie**
Kurt Darren
**11 Julie**
3 Baritons
**Besprekings**
**012-808-1016**

**2**

**Cabaret at Batter Boys Catering & Guesthouse**
H/v Dr. vd Merwe & Zambesirylaan, Montana

**VADERSDAG**
**15 Junie**
***PIETER SMIT***
*Buffet*

**27 & 28 Junie**
***DOZI***
*3 gang ete*

Tel: 012 548 0101 Sel: 082 568 9530

**3**

***DE KELDER***
GRASDAK
Bied aan

**WO 18 JUNIE**
***ANTON GOOSEN***

**VR 20 JUNIE**
***DOZI***

Bespreek by DE KELDER RESTAURANT
(012) 809-0906 / 46 of 082 784 9622

**4**




**5**

**CENTURION TEATER**

**Mathys Roets en orkes**
**Lewende video-opname**
**11 - 14 Junie**

**Sonja Heroldt**
**18 Junie**

**Anton Goosen**
**20 Junie**

**Koos Kombuis**
**24 - 26 Junie**

**BESPREEK BY COMPUTICKET OF 012-664-7859**

**6**

BOSTON TEA PARTY

Bied aan



**Pieter Smit**

**DO, 19 Jun**

*Slegs beperkte hoeveelheid kaartjies beskikbaar.*

**012-365-3625**

**7**

TEATERAANDE by

# SUMMER PLACE RESTAURANT

Hoewe 80, Elizabethweg, Bartlett, Boksburg

**BESPREEK VROEGTYDIG!**

7 Aug * Amore Vittone

28 Aug * Pierre Du Preez
* Riaan Nienaber

4 Sep * Richard van der Westhuizen
* Lochner de Kock

25 Sep * Blackie Swart

**Besprekings:**
**Marilda**
**011-894-3614/7620**

**8**

BOSTON TEA PARTY

Bied aan



**Steve Hofmeyer**

**DO, 26 Jun**

*Slegs beperkte hoeveelheid kaartjies beskikbaar.*

**012-365-3625**

**9**

@EDGE Productions en kOOkOO! Productions BIED AAN

# MY VROU SE MAN SE VROU

**NOG NET 3 WEKE OOR!**



**met Tobie Cronje**

REGIE:
PIERRE VAN PLETZEN

SPOORNET **STAATSTEATER**

Bespreek by COMPUTICKET, (011) 340 8000 / Groepbesprekings (011) 648-7385 / 073 208 8483

1.1 Watter DRIE kunstenaars kom twee keer voor in die advertensies? (3)

1.2 By wie kan kaartjies gekoop word wanneer Amore Vittone optree? (1)

1.3 Wat is die naam van die toneelstuk waarin Tobie Cronjé die hoofrol vertolk? (1)

1.4 Wat beteken dit as daar 'n **beperkte hoeveelheid kaartjies beskikbaar** is? (Boston Tea Party, advertensies 6 en 8) Kies die korrekte antwoord en skryf slegs A, B of C neer:

A. Daar is nie baie kaartjies beskikbaar nie.
B. Daar is baie kaartjies beskikbaar.
C. Daar is net genoeg kaartjies beskikbaar. (1)

1.5 In advertensie 1 lees ons van **Piet Botha en sy "band"**. Aanhalingstekens word gebruik omdat "band" 'n Engelse woord is. In een van die ander advertensies kry ons die korrekte Afrikaanse woord. Soek die woord en skryf dit neer. (1)

1.6 Skryf die nommer van die advertensie neer waarin die Afrikaanse woord vir "**band**" voorkom. (1)

1.7 Watter aanbieding het slegs op 21 Junie 2003 plaasgevind EN waar is dit aangebied? (2)

1.8 Van watter kunstenaar gaan 'n lewendige opname gemaak word wanneer hy / sy optree? (1)

**EN**

**LEESTEKS B**

## HET JY GEWEET?

Die grootste honderas is die St. Bernard, wat tot 77 kg kan weeg – omtrent soveel soos 'n grootmens.

Die kleinste honderas is die chihuahua, wat so min as 0,45 kg kan weeg (dis amper soveel soos 'n klein pakkie suiker!). Dié honderas weeg selfs minder as die kleinste katsoort, die singapura (so 1,81 kg).

In 1951 het 'n kat met die naam Sugar omtrent 2 400 km geloop. Sy mense het getrek en besluit om hom agter te los, maar Sugar was vasbeslote om hulle te vind.

Daar is 110 katsoorte en 186 honderasse.

Honde is almal van wolwe afkomstig, maar is ongeveer 12 000 jaar gelede deur mense mak gemaak en as troeteldiere aangehou.

Troeteldiere het gewoonlik een van die volgende simptome as hulle siek is. Kyk uit vir die simptome en neem jou troeteldier dadelik veearts toe as die dier nie eet nie, naar is of diarree het, swaar asemhaal, kwyl, moeilik beweeg of sluk, se maag of ander liggaamsdele geswel is, lusteloos is, skielik bewe, baie water drink of anders as gewoonlik optree.

***Huisgenoot***, 21 Augustus 2003

1.9 Watter soort hond is die grootste op aarde? (1)

1.10 Watter soort hond is die kleinste op aarde? (1)

1.11 As 'n hond omtrent soveel soos 'n grootmens weeg, hoeveel weeg hy dan volgens leesteks B? (1)

1.12 Wat is die singapura? Kies die korrekte antwoord en skryf slegs A, B of C langs die vraagnommer neer.

A. 'n Soort wolf
B. 'n Soort kat
C. 'n Soort hond (1)

1.13 Wat het Sugar, die kat, se mense met hom gedoen? (2)

1.14 Van watter diersoort, katte of honde, is daar die meeste op aarde? (1)

1.15 Skryf 'n rede neer vir jou antwoord in 1.14. (1)

1.16 Soek EEN woord tussen reëls 11 en 15 van leesteks B vir **tekens van 'n siekte** en skryf dit neer. (1)

**LEESTEKS C**

## WAT 'N FEN SÊ ...

André Herbst van Pretoria is mal vir Valiant Swart en Anton Goosen, maar die CD wat deesdae pal in sy CD-speler boer, is Ekstra Dik se *Uit ons koppe uit*.

André sê van die CD: "Ons almal weet van die oplewing in Afrikaanse rockmusiek, en Ekstra Dik stel glad nie teleur met hierdie uitreiking nie. Dis 'n wonderlike album met 'n verskeidenheid musiek in Afrikaans én Engels. Die diamant is Ilse Klink. Die vrou se stem wil en moet gehoor word!

"Die CD bestaan uit 11 liedjies en skop af met Afrika Son, 'n lied met 'n lewendige Afrika-ritme. Dit word gevolg deur *No 8*, 'n jazz-nommertjie.

"*Uit ons koppe uit* is 'n puik CD met intelligente lirieke en lekker liedjies. Kry dit en geniet dit. Ek ken myne al amper uit my kop uit!"

Verwerk uit: ***Rapport***, 27 April 2003

1.17 Wie of wat is 'n "**fên**" soos dit in die titel van leesteks C voorkom? Kies die korrekte antwoord en skryf dan A, B of C langs die vraagnommer neer.

A. Iemand wat baie liedjies uit sy kop ken.
B. 'n Ondersteuner van die musiekkunstenaars.
C. 'n Waaier. (1)

1.18 Wat is die naam van die CD waarna André Herbst tans die meeste luister? (1)

1.19 Skryf EEN woord tussen reëls 3 en 6 neer wat dieselfde beteken as *verskillende soorte.* (1)

1.20 Van watter Afrikaanse vroulike sanger hou André baie? (1)

1.21 Wat is die naam van die eerste liedjie op die CD? (1)
**[25]**

## AFDELING B
## OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die onderstaande leesteks aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daaroor gestel is.

**LET WEL:**

- Alle opdragte moet in volsinne beantwoord word.
- Jy mag nie telegramstyl gebruik nie.
- Begin elke sin op 'n nuwe reël.
- Punte sal afgetrek word vir lengte-oorskryding.
- Dui na elke vraag die hoeveelheid woorde wat jy gebruik het aan.

**BEKENDSTE BOEMELAAR IN DIE LAND – MET GROOT SUKSES**

1 Die bekendste boemelaar in die land, Koos Kombuis, maak deesdae plate wat die ore laat suis. Maar dit was so amper of die eksentrieke skrywer en musikant het sy drome prysgegee en net geboemel.

2 Dis nou al meer as twintig jaar dat dié eiewys Boerseun deur die land swerf. Hy het onder meer, soos sy pa, polisse probeer verkoop. Hy was 'n brandweerman, 'n klerk in 'n bank en 'n vryskut-fortuinverteller – maar nooit vir baie lank nie. Dan het die pad hom weer geroep.

3 Hy het gedroom oor boeke skryf. Daar was dae dat hy koud en moedeloos op die park se bankie gesit het. Dan het hy gesit en staar na sy tone wat by sy skoene uitgesteek het en gewonder of hy nie maar moet ophou droom nie. Toe verkoop hy op 'n dag 'n kortverhaal aan *Huisgenoot*, en daar gaat hy!

4 Vandag is hy 'n bekende figuur, 'n sanger en skrywer wat deur baie as 'n pionier beskou word. Iemand wat Afrikaans weer gewild gemaak het.

5 Te lank is die taal gekaap deur sekere letterkundiges wat stories en gedigte skryf wat niemand verstaan nie, het Koos besluit. Te lank het mense geglo jy kan nie in Afrikaans *rock* nie.

6 Toe begin hy skryf en sing soos die mense praat. Kombuistaal.

Verwerk uit: ***Plus***, 20 Junie 2003

2.1 Beskryf Koos se verlede deur paragraaf 2 in nie meer nie as 20 woorde op te som. (2)

2.2 Skryf slegs DRIE woorde neer wat Koos se persoonlikheid die beste beskryf. Skryf een woord uit paragraaf 1, een woord uit paragraaf 2 en een woord uit paragraaf 3 neer. (3)

2.3 Som paragraaf 3 op in nie meer as 6 woorde nie. (1)

2.4 Beskryf hoe Koos Kombuis vandag is deur paragraaf 4 tot 6 in nie meer nie as 25 woorde op te som. (4)

**[10]**

## AFDELING C

### KOMMUNIKATIEWE TAALGEBRUIK IN KONTEKS

- Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.
- Baken jou antwoorde behoorlik af.

### VRAAG 3

Lees die volgende artikel aandagtig deur en beantwoord die vrae daaroor gestel.

### *EKSAMENKOS*

Eksamentyd is peuseltyd. Daarom kla baie tieners oor daardie ekstra kilogram of twee na die spanning van die eksamen.

Wanneer die spanning begin oplaai, soos in die eksamentyd, is die voedingsbehoeftes van die liggaam ook meer as in normale omstandighede. As jy dan nie 'n gebalanseerde eetpatroon volg nie, kan jou liggaam daaronder ly. En jy sal goed weet: eksamentyd slaan jy dikwels maaltye oor. Dan leef jy van peuselkos, kitskos en ongesonde happies.

Dis waar ma 'n belangrike rol het om te verseker dat jy gebalanseerde maaltye kry, wat vullend en interessant is sodat jy nie elke nou en dan swig voor die versoeking om te peusel nie.

Kies altyd iets gesonds, soos laevet-jogurt, vars vrugte en groente en volkoringbeskuitjies met laevet-maaskaas. Onthou, tussen 6 en 8 glase water per dag is noodsaaklik vir 'n gesonde liggaam.

Vir 'n peuselhappie is sjokolade en koekies die eerste keuse, omdat dit geen moeite verg nie. Berei dus vooraf 'n paar gesonde happies sodat 'n mens dit net uit die yskas kan haal.

Maak nie saak wat jy eet nie, dis altyd belangrik om matigheid voor oë te hou.

Verwerk uit: ***Sarie***, Oktober 2001

3.1 Skryf die afkorting neer vir **kilogram** (reël 1). (1)

3.2 Wat noem ons 'n persoon wat gesonde eetprogramme vir mense uitwerk? Kies die korrekte antwoord en skryf slegs A, B of C langs die vraagnommer neer:

A. Ma
B. Huishoudkundige
C. Dieetkundige (1)

3.3 Skryf die korrekte vorm (meervoud) van die woord tussen hakies neer:

Baie kinders se (**ma** r.7) speel 'n belangrike rol om te verseker dat hulle gebalanseerde maaltye kry. (1)

3.4 Kyk na die woord **ly** in reël 5. Kies nou die korrekte woord uit dié tussen hakies in die volgende sinne en skryf dit neer:

3.4.1 Daar (ly / lei / lui) die voordeurklokkie. (1)

3.4.2 Die onderwyser (ly / lei / lui) die leerders na die saal toe. (1)

3.5 Die appel is *vars* (reël 10). Die mango is *varser* as die appel, maar die peer is die (**vars**). Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)


3.6 As kliphard die intensiewe vorm van *hard* is, wat is die intensiewe vorm van **vars** in reël 10? (1)

3.7 Die woord **yskas** (reël 15) is saamgestel uit *ys* en *kas*. Vorm nou 'n soortgelyke woord met **eet** en **tyd**. (1)

**EN**

3.8 Bestudeer die volgende strokies en beantwoord die vrae wat daarop volg.

3.8.1





***Plus***, 29 November 2002

(a) Die ontkenning in raampie 2 is foutief. Skryf die korrekte ontkenningsvorm van die sin in raampie 2 neer. (1)

(b) Vorm 'n vraagsin met die sin *Voorsorg is beter as trane*. (raampie 3). (1)

3.8.2




*Tydskrif Rapport*, 19 Oktober 2002

(a) Die eerste sin van raampie 1 kort ʼn woord (voorsetsel). Skryf die sin oor en vul die woord (voorsetsel) op die korrekte plek in. (1)

(b) Hoe sal jy die vrou se <u>tweede</u> sin in raampie 1 aan iemand oorvertel? Begin jou sin met: *Die vrou sê ...* (1)

3.8.3




***Plus***, 28 November 2002

(a) In raampie 2 hier bo word ʼn akuut-aksentteken op **dié** geplaas. Doen nou dieselfde met **waar** in raampie 1. (1)

(b) Skryf die getal **25** (raampie 1) in woorde uit. (1)

3.9 Lees die volgende greep uit die advertensiekolomme van 'n koerant en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Uitstekende** losies beskikbaar. Dubbel – R350 en R400. Openbare badkamers en toiletgeriewe. Twee maaltye. Tel. (117) 495 7215. 'n Ware winskoop.

**Strandhuis** te Richardsbaai. See-uitsig en stapafstand tussen die woning en die strand. Beskikbaar 4 – 12 Desember. Skakel (814) 223 5721.

**Vakansiewoonstelle**. Dupleks met toegeboude balkon. Speelpark en omheinde swembad. Buiteseisoen-tarief: R50 p.p.p.d. Skakel Stormbaai 245.

**Chalets**: see-uitsig, 2 slaapkamers, badkamer/toilet, sit-/eetkamer, parkeer onderdak. Kontak Koos by (019) 752 1599. Vir diegene wat moeg is vir hotelvakansies.

**Woonwaens** te huur. Deposito van 50% van een maand se huur aanvanklik betaalbaar. Stuur gefrankeerde koevert vir: Voorsienerwaens, Posbus 71, Waveira, 1234.

3.9.1 Skryf die korrekte vorm van die woorde (meervoud) tussen hakies neer:

(a) By die vakansiewoonstelle is daar baie (swembad r.6). (1)

(b) Ons het verskillende plekke geskakel en verskillende (tarief r.6) gekry. (1)

(c) Verskillende verblyfplekke vereis verskillende (deposito r.9). (1)

3.9.2 Kies elke keer die korrekte woord uit dié tussen hakies en skryf dit neer:

(a) Mense sleep hulle (chalets / woonwaens / strandhuise) met motors na vakansie-oorde toe. (1)

(b) Ek gaan vir 'n week lank in 'n woonwapark (loseer / kuier / kampeer). (1)

3.9.3 Skryf elke keer die teenoorgestelde van die onderstreepte woorde neer. Jy sal die antwoorde in die teks hierbo vind.

(a) Ons vakansiewoonstel het 'n oop balkon. (1)

(b) 'n Chalet se binneseisoen-tarief vergelyk goed met dié van woonwaparke. (1)

3.9.4 Skryf elke keer die korrekte vorm van die woord tussen hakies neer:

(a) Die (moeg r.8) werker het aansoek gedoen om verlof. (1)

(b) (Parkeer r.7) onderdak beskerm jou motor teen die son. (1)

3.9.5 Skryf die korrekte vorm (verkleining) van die woord tussen hakies neer:

(a) Ek gaan nooit weer in so 'n klein (hotel r.8) bly nie. (1)

(b) Ons ou (woning r.3) lyk maar erg klein teenoor die miljoenêr s'n. (1)

(c) Die (winskoop r.2) op die veiling was die huis met die grasdak. (1)

3.10 Die volgende vrae is nie op 'n teks gebaseer nie. Kies uit die volgende woorde om die vergelykings wat volg te voltooi.

| ***nag; duiwel; eierdop; gal; kristal*** |
|---|

(a) So bitter soos ______.



(1)

(b) So lelik soos die ______.



(1)


3.11 Kies elke keer die idioom wat die beste by elke prentjie pas:

3.11.1 A. Hy loop twee rye spore.
B. Hy laat nie op sy tone trap nie.
C. Hy het die pad byster geraak.



(1)

3.11.2 A. Die wind waai wes.
B. Aan die vrug word die boom geken.
C. Hoë bome vang die meeste wind.



(1)
**[30]**

## AFDELING D
## TAALVERSORGING

### VRAAG 4

In die onderstaande advertensie is daar met opset spel- en taalfoute begaan. Lees dit aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat daaroor gestel is.

**Kom vaar saam!**

Het jy dringend 'n vakansie nodig wat jou van jou worries sal laat vergeet. Dan moet jy gou spring om te bespreek jou kajuit vir 'n onvergeetlike viernag-vaart van 11 tot 15 Desember van Durban na Bazarutoeiland. Dit kos net R3 263 per persoon wat deel, en dit sluit alle eetes in. En dan kan jy boonop ferniet luister na Valiant Swart Elzabé Zietsman en Christo en Cobus. Foon sommer dadelik huisgenoot se Reisklub by 011-886-9545 om jou plek te boek.

Verwerk uit: ***Huisgenoot***, 4 Desember 2003

4.1 Vervang **worries** in reël 2 met die korrekte Afrikaanse woord. (1)

4.2 Tussen reëls 1 tot 6 kom 'n leestekenfout voor. Skryf die sin waarin die leestekenfout voorkom met die korrekte leesteken neer. (1)

4.3 Die gedeeltelike sin van *Dan* (reël 2) tot by *viernag-vaart* (reël 4) bevat 'n woordorde-fout. Skryf net daardie gedeelte korrek oor. (1)

4.4 In reël 6 is daar 'n woord waar 'n koppelteken weggelaat is. Skryf die woord korrek neer. (1)

4.5 In reëls 7 en 8 is TWEE woorde verkeerd gespel. Skryf die twee woorde korrek neer. (2)

4.6 In reël 8 is 'n komma weggelaat. Skryf die woord voor en na die komma neer en vul die komma op die korrekte plek in. (1)

4.7 In reëls 9 en 11 is TWEE woorde wat direk van Engels afgelei is. Skryf die twee woorde in Standaardafrikaans neer. (2)

4.8 In reël 10 is 'n hoofletterfout begaan. Skryf die woord korrek neer. (1)
**[10]**

**TOTAAL: 75**

**EINDE**